**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 21 MEI 2025 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, ald J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdh M A Rangasamy.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

**3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Die Munisipale Bestuurder noem die volgende belangrike sake wat aandag geniet:

(1) Alle kommentaar/insette is ingewin op die petisie wat ontvang is insake die taxi-aangeleenthede, onder andere vanaf die Wes-Kaapse Provinsiale Regulering Entiteit en die Malmesbury Taxi-Assosiasie;
(2) Kennis is vanaf die Raadsprokureur en Advokaat Pillay ontvang dat daar vandag fout gegaan het met die aanhoor van die hofsaak insake Silvertown en dat die saak uitgestel word na 15, 16 of 17 September. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die risiko uitgewys is dat R6 miljoen verbeur gaan word, aangesien dit nie vir 'n tweede keer oorgerol kan word nie. Die verdere R8,2 miljoen sal moontlik oorgerol kan word, aangesien dit die eerste versoek vir oorrol sal wees;
(3) Diefstal by die hoofkantoor ten bedrae van ±R250 000 aan kabels en ander fasiliteite die afgelope tyd. 'n Plan van aksie is in werking gestel in 'n poging om die oortreders vas te trek.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 16 APRIL 2025**

Besluit/...

4.1/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van ‘n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 April 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

## 5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES

### 5.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 14 MEI 2025

#### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 2025 GEWYSIGDE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van ‘n munisipaliteit dien as die hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoeftes in die munisipale area (eksterne fokus), sowel as die mees kritieke bestuursbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Die hersiening van die GOP en gepaardgaande proses word deur verskeie wetgewende vereistes gereël.

Die insette/kommentaar ontvang vanaf die publiek en tydens die Uitvoerende Burgemeester se Beraadslagingsvergadering op 16 April 2025, soos gesirkuleer met die sakelys, is deeglik oorweeg met die voorbereiding van die kommentaar daarop.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 29 Mei 2025)
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die 2025 Gewysigde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2025/2026, vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000;

7.1/...

(b) Dat die kommentaar/insette wat teen 30 April 2025 ontvang is, die SIME kommentaar en insette ontvang tydens die Burgemeester Raadgewende Forumvergadering gehou op 16 April 2025, deeglik oorweeg is en hanteer word ooreenkomstig ***AANHANGSELS 3 en 4***; en

(c) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur Nr 56 van 2003 en die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies, 2009, afgehandel word na goedkeuring van die GOP deur die Raad.

**7.2 WYSIGING VAN MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)**

Die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) het ten doel om die Kapitaaluitgawe-Raamwerk in te sluit en veranderinge aan die stedelike randgebiede en grondgebruikvoorstelle vir die dorpe Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel aan te bring.

Die publieke deelname proses het saamgeloop met die wysiging van die GOP en insette/kommentaar wat ontvang is, is deeglik oorweeg en waar nodig is die toepaslike aanpassings aangebring.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 29 Mei 2025)
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Die Raad die wysigings van die Swartland Munisipaliteit: Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die dorpe Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel, met inbegrip van die Kapitaaluitgawe Raamwerk, ingevolge artikel 7(3) van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) aanneem, onderhewig aan die volgende:

(a) Die Raad moet binne 14 dae vanaf besluitneming in die media en die Provinsiale Koerant kennis gee van sy besluit;

(b) Alle kommentaar van persone/instansies wat deelgeneem het aan die publieke deelname proses deeglik oorweeg is en waar nodig die toepaslike aanpassings gemaak is, en dat die Raad se besluit en reaksie dienooreenkomstig gekommunikeer word;

(c) Alle toekomstige ontwikkelingsaansoeke aan die beginsels van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk oorweeg en evalueer sal word;

(d) Aksieplanne jaarliks uit die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk na die GOP proses vir befondsing verwys word;

(e) Spesiale pogings jaarliks aangewend sal word ten einde uitvoering aan aksieplanne in die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk te gee;

(f) Dat hierdie wysiging tans geen voorstel maak rakende 'n alternatiewe toegang vanaf Riebeek Kasteel, oos van die spoorlyn na die R46;

(g) Dat hierdie wysiging wel die stedelike rand aanpassing by Riverlands akkommodeer soos ontvang tydens die publieke deelname proses;

(h) Die finale kaarte vir Malmesbury, Darling, Riebeek Kasteel en Riverlands ingesluit word by die gewysigde Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk: 2023-2027.

**7.3 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, FINALE BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2025/2026, 2026/2027 EN 2027/2028 (5/1/1/1, 5/1/1/2)**

Die Uitvoerende Burgemeester gee geleentheid aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die belangrikste aspekte in die begrotingsdokumente uit te wys.

Die Direkteur: Finansiële/...

7.3/...

Die Direkteur: Finansiële Dienste versoek dat goedkeuring verleen word om die effek van die herstrukturering deur Eskom van die grootmaat-tariewe waarteen elektrisiteit aangekoop word uit te lig, naamlik ‘n verhoging van 15.28% wat ±R11 miljoen beloop. Dit is onbillik om hierdie las na die verbruikers van Swartland oor te dra en beloop die verhoging in elektrisiteitstariewe vir munisipale verbruikers ±12.72%.

Die Direkteur: Finansiële Dienste vermeld die insette/kommentaar ontvang vanaf die publiek en organisasies gedurende die publieke deelname en die proses wat ingevolge Artikel 23 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) gevolg is om daarmee te handel.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 29 Mei 2025)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat, nadat alle insette **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)** wat ontvang is teen 30 April 2025, ingesluit die insette ontvang tydens die Burgemeester Raadgewende Forumvergadering gehou op 16 April 2025, deeglik oorweeg is, word die volgende wysigings aan die begroting te weeg gebring:
- Die korting van R300 0000 verhoog na R400 000;
- Verhoogde finansiële bystand aan geregistreerde bejaardesorg fasiliteite in die Swartland deur hul waterheffings te verminder;
- Verhoging in die inkomstedrempel vir kwalifiserende deernishuishoudings na R4 660.00;
- Dat die Direkteur: Finansiële Dienste gemagtig word om die ±R2 miljoen in addisionele uitgawes te finansier om aan voormelde uitvoering te gee;
- Dat die Raad die finale wysigings aan die Deernis-, Munisipale Eiendomsbelasting-, Finansiering- en Reserwe- en die Begrotingimplementeringsbeleid, wat te weeg gebring is deur die versoeke/insette tydens die vergadering op 16 April 2025 en/of ander insette, saamgelees met die aanbeveling onder paragraaf (r);

(b) Dat geen verdere wysigings aan die Raad se MTREF oorweeg word nie, gegewe die Raad se langtermyn visie om ’n hoë standaard van dienslewering te verseker en die behoefte aan groot beleggings in water- en rioolinfrastruktuur wat in jaar 3 ’n aanvang neem, sonder om enige addisionele druk te plaas op die betalende publiek **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)**;

(c) Dat kennis geneem word van die insette wat ontvang is vanaf die Provinsiale Tesourier (SIME-verslag) **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)**;

(d) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Final Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;

(e) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure C: 2025/2026 – 2027/2028 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(f) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 4 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

(g) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die bykomende R5.1 miljoen vir die sekuriteitsmuur by die Highlands Stortingsterrein, aangesien die aanvanklike kosteberaming gedurende Augustus 2024 op ‘n 2.4 hoë beton-palissade-muur van R4.5 miljoen gedoen was met gepaardgaande impak op hoër instandhouding- en sekuriteitskoste vir die bedryfsrekening, wat die kostes op R9.6 meebring. Dat die Raad kennis neem dat die finansieringsbron deur middel van ’n eksterne lening vir die Nuwe Sel by die Highlands Stortingsterrein vervang word deur CRR-finansiering;

7.3/...

(h) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | FINAL BUDGET 2025/26 | FINAL BUDGET 2026/27 | FINAL BUDGET 2027/28 |
|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | R 143 511 923 | R 138 083 611 | R 156 818 041 |
| External Loans | R 30 000 000 | R - | R - |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | R 25 405 000 | R 27 293 000 | R 28 388 000 |
| Dept. of Infrastructure | R 58 112 132 | R 38 657 000 | R 103 110 672 |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | R 17 821 124 | R 20 868 000 | R 21 811 000 |
| Water Services Infrastructure Grant | R 17 044 000 | R - | R - |
| Regional Socio-economic Projects | R 78 261 | R - | R - |
| Fire Service Capacity Support Grant | R 478 261 | R - | R - |
| Water Resiliance Grant | R 1 304 348 | R - | R - |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | R 43 478 | R 43 478 | R 43 478 |
| | | | |
| **GRAND TOTAL** | **R 293 798 527** | **R 224 945 089** | **R 310 171 191** |

(i) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Final Budget and Tariff File)**;

(j) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R30 miljoen vir die nuwe 2025/26 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die 132/11kV Eskom Schoonspruit Substasie kapitaalprojek, deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;

(k) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat (VOTE), ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

| 2025/26 MTREF | Capital Expenditure by Vote | | | Operating Expenditure by Vote | | | Total Expenditure by Vote | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R thousands | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 |
| Vote 1 - Corporate Services | 573 | 575 | 577 | 49 233 | 52 164 | 55 536 | 49 807 | 52 739 | 56 113 |
| Vote 2 - Civil Services | 143 991 | 116 213 | 145 139 | 431 330 | 451 042 | 472 550 | 575 321 | 567 255 | 617 690 |
| Vote 3 - Council | 12 | 12 | 12 | 25 469 | 26 504 | 27 629 | 25 481 | 26 516 | 27 641 |
| Vote 4 - Electricity Services | 88 166 | 62 174 | 59 942 | 559 645 | 599 564 | 643 261 | 647 810 | 661 737 | 703 203 |
| Vote 5 - Financial Services | 168 | 76 | 672 | 84 577 | 90 928 | 97 432 | 84 745 | 91 003 | 98 104 |
| Vote 6 - Development Services | 59 076 | 44 747 | 103 205 | 172 555 | 212 688 | 170 291 | 231 632 | 257 435 | 273 496 |
| Vote 7 - Municipal Manager | 12 | 12 | 12 | 11 298 | 11 910 | 12 679 | 11 310 | 11 922 | 12 691 |
| Vote 8 - Protection Services | 1 800 | 1 136 | 612 | 124 701 | 131 430 | 138 699 | 126 501 | 132 566 | 139 311 |
| **Grand Total** | **293 799** | **224 945** | **310 171** | **1 458 809** | **1 576 229** | **1 618 077** | **1 752 608** | **1 801 174** | **1 928 248** |

(l) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2025/2026 – 2027/2028** finansiële jare goedgekeur word as finaal, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19;

Tabel/...

7.3/...

| | Oorspronklike Begroting 2024/25 | Aansuiwerings begroting 2024/25 | Finale Begroting 2025/26 | Finale Begroting 2026/27 | Finale Begroting 2027/28 |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 376 477 670 | 325 809 079 | 293 798 527 | 224 945 089 | 310 171 191 |
| Bedryfsuitgawes | 1 189 045 717 | 1 210 970 777 | 1 458 809 231 | 1 576 228 890 | 1 618 076 969 |
| Bedryfsinkomste | 1 458 996 894 | 1 485 060 204 | 1 606 490 727 | 1 676 968 153 | 1 777 306 422 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(269 951 177)** | **(274 089 427)** | **(147 681 496)** | **(100 739 263)** | **(159 229 452)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies | 246 062 275 | 247 277 010 | 120 565 734 | 86 861 478 | 153 353 150 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **(23 888 902)** | **(26 812 417)** | **(27 115 762)** | **(13 877 785)** | **(5 876 302)** |

(m) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse (sent in die randbedrag), vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2025/2026 finansiële jaar;

| **Category of property** | **Rate ratio** | **Cent amount in the Rand rate determinded for the relevant property category** |
|---|---|---|
| Residential properties | 1: 1 | 0.005623 |
| Business and Commercial properties | 1: 1,6671 | 0.009374 |
| Industrial properties | 1: 1,6671 | 0.009374 |
| Agricultural properties | 1: 0,25 | 0.001406 |
| Mining properties | 1: 1,6671 | 0.009374 |
| Public Service Infrastructure | 1: 0,25 | 0.001406 |
| Properties owned by an organ of state and used for public service purposes | 1: 1,6671 | 0.009374 |
| Public Benefit Organisations | 1: 0 | 0.000000 |
| Vacant properties | 1: 1,4965 | 0.008415 |
| Municipal properties | 1: 0 | 0.000000 |
| Conservation Areas | 1: 0 | 0.000000 |
| Protected Areas | 1: 0 | 0.000000 |
| National Monuments | 1: 0 | 0.000000 |
| Informal Settlements | 1: 0 | 0.000000 |

**Exemptions and Reductions**

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

**Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:**

- **Indigent owners**: 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;

- **Qualifying senior citizens and disabled persons**: A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000. The rebate will increase to R400 000 as it relates to the 2025/2026 policy effective for the 2026/2027 financial year.

**NB:** Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

(n)/...

7.3/...

(n) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse, tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool, elektrisiteit en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Final Budget and Tariff File)** goedkeur as finaal;

(o) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe vir die 2025/2026 finansiële jaar goedkeur, **met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA**;

(p) Dat die infasering van die herstruktureerde elektrisiteitstariewe, soos per die koste van voorsieningstudie, beplan word vir implementering in 2026/27;

(q) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure D: Budget Report and A-Schedules 2025/2026 – 2027/2028)** goedgekeur word;

(r) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure E: Final Amended Budget & Related Policies 2025/2026** goedgekeur word as finaal;

(s) Dat die Raad kennis neem dat enige wysigings aan die begrotingsverwante beleide ten opsigte van delegasies na afloop van die goedkeuring van die finale begroting sal plaasvind;

(t) Dat die opleidingsbegroting van R1 782 533 vir die 2025/2026 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;

(u) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.01%** vir 2025/2026; **5.25%** vir die 2026/2027 en **5.75%** vir 2027/2028 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;

- Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(v) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **20.5%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **8.2% (20% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.2 maande** vir 2025/26, **8.9 maande** vir 2026/27 en **8.9 maande** vir 2027/28;

- die netto bedryfsurplusse, **uitgesluit kapitale toekennings**, verminder teenoor die konsepbegroting as gevolg van allokasies vanaf die Provinsiale Departement van Infrastruktuur vir Geproklameerde paaie waarvoor die munisipaliteit 20% moet bydrae;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die verwagte netto bedryfsurplusse **(kapitale toekennings uitgesluit)** vir 2025/26, 'n bedrag van R 27 115 762, vir 2026/27 'n bedrag van R 13 877 785 en vir 2027/28 'n bedrag van R 5 876 302) beloop, wat vêr onder die NT riglyn is van minstens 'n 5% surplus. (Op hierdie stadium is dit gepas om te beklemtoon dat die bogenoemde netto surplusse die meer gepaste meting van begrote surplusse/tekorte vanuit 'n begrote kontantvloei-perspektief is.)

(w) Dat die Raad kennis neem dat die omvattende inkomstemodelleringsoefening 'n proporsie insluit vir groei, gegewe die tendens van verhoogde huishoudelike verbruik en groei in dienste aansluitings;

7.3/...

(x) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(y) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.9 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

[Vir die volledigheid en implementering sal daar op die Engelse weergawe van die aanbevelings staat gemaak word.]

## 7.4 VOORLEGGING VIR DIE AANVAARDING VAN DIE TARIEFVERORDENING (1/1)

Die konsep Tariefverordening het op 31 Maart 2025 voor die Raad gedien en is goedkeuring verleen om die publieke deelname proses te deurloop. Geen insette/kommentaar is daarop ontvang teen die sperdatum van 9 Mei 2025 nie.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 29 Mei 2025)
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die Swartland Munisipaliteit: Tariefverordening deur die Raad aanvaar word vir afkondiging in die Provinsiale Koerant om met ingang van 1 Julie 2025 in werking te tree;

(b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

## 7.5 WYSIGING VAN DIE PRESTASIEBESTUUR- EN ONTWIKKELINGSBELEID (2/4/2)

Die Prestasiebestuur- en Ontwikkelingsbeleid word op ‘n gereelde basis hersien om te verseker dat daar voldoen word aan wetgewende vereistes en om die doeltreffendheid en integriteit van die Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel te verbeter.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Swartland Munisipaliteit Prestasiebestuur- en Ontwikkelingsbeleid goedgekeur word.

## 7.6 SWARTLAND EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPLAN (2/1/4/5)

Die doelwit van die Swartland Ekonomiese Ontwikkelingsplan is om die Munisipaliteit in staat te stel om beleggings te lok, strategiese vennootskappe te bou en tot die breë ekonomiese ontwikkelingsdoelwitte by te dra.

Die beleid bied ‘n raamwerk vir gefokusde intervensies, effektiewe publieke/private samewerking en inklusiewe en volhoubare groei.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Swartland Munisipaliteit Ekonomiese Ontwikkelingsplan goedgekeur word.

## 7.7 SWARTLAND TOLKRAG-RAAMWERK (16/2/B)

Die nasionale tendens is dat daar ‘n toename is in die aangaan van tolkrag-ooreenkomste wat hoofsaaklik vanaf die Eskom-verspredingsnetwerk gebruik maak. Daar is ook al munisipaliteite wat om ‘n kleiner skaal van tolkrag gebruik maak, onder andere, het Stad Kaapstad ‘n loodsprogram geïmplementeer wat uitgebrei kan word as die resultate gunstig is. Swartland Munisipaliteit het ook al verskeie navraag insake tolkrag ontvang, maar daar is nog nie enige ooreenkoms in hierdie verband aangegaan nie.

NERSA het na afloop van ‘n uitgebreide konsultasieproses die volgende dokument geplubseer, naamlik “*Regulatory rules on network charges for third-party wheeling of energy*”.

Die Swartland Tolkrag/...

7.7/...

Die Swartland Tolkrag-raamwerk is aangepas om voormelde vereistes van NERSA in te sluit en maak ook nou voorsiening vir tolkrag voorsiening via vanaf/na die Eskom-verspeidings-netwerk.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die opgedateerde Swartland Konsep Tolkrag Raamwerk (Wheeling Framework) ondersteun;

(b) Dat die implementering van die raamwerk op 'n loodsbasis ondersteun word en dat 'n finansiële analise per aansoek gedoen word vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee alvorens enige ooreenkoms met die aansoeker aangegaan word;

(c) Dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gemagtig word om die raamwerk op te dateer, indien nodig, gebaseer op kennis opgebou, aansoeke ontvang en industrie-ontwikkelings;

(d) Dat tolkrag (wheeling) na/vanaf die Eskom-netwerk ondersteun word op voorwaarde dat dit Swartland Munisipaliteit nie in 'n swakker finansiële posisie sal plaas nie;

(e) Dat voorkeur gegee sal word aan die Munisipaliteit se eie planne om hernubare energie te implementeer of energie aan te koop, teenoor eksterne tolkrag (wheeling) ooreenkomste;

(f) Dat enige voorgestelde tolkrag (wheeling) ooreenkoms met 'n termyn van langer as 36 maande onderworpe is aan die uitvoering van Artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003).

**7.8 GOEDKEURING VAN DIE SMART CITY-RAAMWERK VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (2/1/4/5)**

Die Departement van Samewerkende Regering (DCoG), in samewerking met Pegasys Global Consulting, het Swartland Munisipaliteit as een van vyf munisipaliteit gekies om aan die Smart City-program deel te neem.

Die doel van die program is om munisipaliteite te ondersteun in die ontwikkeling van strategiese raamwerke vir die toepassing van Smart City-beginsels om dienslewering, bestuur en innovasie te verbeter.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit gekies is as een van vyf munisipaliteite wat deelneem aan die loodsprogram vir "Smart City" ondersteuning, gelei deur die Departement van Samewerkende Regering (DCoG);

(b) Dat die raamwerk vir "Smart City"-gereedheid gedateer 30 Maart 2025 goedgekeur word.

**7.9 VOORSTEL VIR DIE UITBREIDING EN INNOVASIE VAN KOMMUNIKASIE-PLATFORMS OM INWONERS EN BESIGHEDE TE BETREK (6/2/2/1)**

Verskeie platforms word reeds suksesvol gebruik om met inwoners te kommunikeer, maar daar is leemtes geïdentifseer. Toegang tot munisipale inligting moet nie deur koste- of konnek-tiwiteitshindernisse belemmer word nie en moet lae- tot gratis kommunikasie opsies ondersoek word om inklusiwiteit te verseker.

Die Kommunikasiebeampte, me M Haasbroek, word bedank vir haar harde werk om 'n enorme verbetering in kommunikasie met inwoners sedert haar aanstelling te bewerkstellig.

Besluit/...

7.9/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word van die huidige en voorgestelde kommunikasie-metodes;

(b) Dat die ondersoek na die uitbreiding van onderbenutte platforms soos gemeenskapsradio, twee-rigting WhatsApp-kommunikasie, en die Collab slimfoontoepassing ondersteun word;

(c) Dat die toeken van begroting in die toekoms vir multimedia-toerusting, sagteware en personeelopleiding om digitale inhoudskepping en -produksie te verbeter, oorweeg word;

(d) Dat 'n interdepartementele advieskomitee ingestel word om:
 (i) die uitvoerbaarheid van die voorgestelde maatreëls te hersien;
 (ii) implementering te prioritiseer gebaseer op gemeenskapsbehoeftes en beskikbare begroting;
 (iii) aanbevelings in lyn te bring met die gewysigde GOP- en begrotingsproses.

## 7.10 IMPLEMENTERING VAN SLIMFOON TOEPASSING (6/2/2/1)

'n Sleutel-prestasie-aanwyser (KPI) is ontwikkeling vir die implementering van 'n slimfoon toepassing om aktiewe burgerskap te bevorder, dienslewering te verbeter en die Smart City-beginsels toe te pas.

Die Collab Citizen-slimfoontoepassing, ontwikkeling deur Business Engineering, is gevolglik op 22 Januarie 2025 aan die breër publiek van die Swartland uitgerol en word reeds deur 1352 inwoners gebruik. 'n Groot trekpleister van die toepassing is dat belastingbetalers die munisipale rekening via die toepassing op hul selfoon kan ontvang.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die suksesvolle implementering van die Collab Citizen-slimfoontoepassing in Swartland Munisipaliteit;

(b) Dat kennis geneem word van die voortgesette stappe om die funksionaliteit van die toepassing te verbeter en uit te brei, naamlik:
 (i) Voortgesette gebruiker-voorligtingsveldtogte in alle wyke;
 (ii) Hersienings van tyd-tot-tyd van die toepassing se werkverrigting en gebruikersterugvoer;
 (iii) Integrasie van bykomende dienste (bv. meterlesing-funksionaliteit, uitbreiding van die aantal dienste wat via die toepassing beskikbaar is);

(c) Dat die voordele wat gerealiseer is ten opsigte van gemeenskapsbetrokkenheid, deursigtigheid en doeltreffendheid van dienslewering erken word;

(d) Dat die voortgesette bevordering, monitering en verbetering van die platform, in lyn met die Munisipaliteit se strategiese doelwitte, ondersteun word.

## 7.11 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies (SOD) moet ontwikkeling en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid optimaliseer.

Die aanhangsels tot die sakelys behels die vierde hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 29 Mei 2025)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die voorgestelde wysigings aan die Raad se Stelsel van Delegasie (4$^{de}$ hersiening) soos vervat in Aanhangsels B en C goedgekeur word, en daar kennis geneem word van veranderinge aan posbenamings en posbekleërs met verwysing na Aanhangsel A;

7.11/...

(b) Dat kennis geneem word van die wysigings aan die Stelsels van Delegasie van die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en die Hoof Finansiële Beampte met verwysing na Aanhangsel A;

(c) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie;

(d) Dat goedkeuring verleen word deur die Raad dat sy Stelsel van Delegasie aangepas word om voorsiening te maak vir veranderde/nuwe delegasies wat mag voortspruit uit wysiging van die begrotingsverwante beleide soos behandel elders in die sakelys, vir implementering met onmiddellike effek.

**7.12 MENSLIKE HULPBROBESTUUR: WERKPLEKVAARDIGHEIDSPLAN (WVP) (4/2/B)**

Die Werkplekvaardigheidsplan is ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998) opgestel en beskryf die ontwikkelingsbehoeftes van die organisasies en die opleiding intervensies wat benodig word om die behoeftes aan te spreek.

Die konsep Werkplekvaardigheidsplan is aan die Vaardigheidsontwikkelingskomitee en beide vakbonde in April 2025 voorgelê vir aftekening van die plan.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag;

(b) Dat kennis geneem word van die jaarlikse opleidingsverslag vir die 2024/2025 finansiële jaar;

(c) Dat die Werksplek Vaardigheidsplan vir 2025/2026, soos opgesom in die verslag, goedgekeur word vir implementering.

**7.13 HERSIENING VAN SKOFSTELSEL: VERKEER EN WETSTOEPASSING (17/5/3/B)**

‘n Nuwe skofstelsel vir die Verkeer- en Wetstoepassingsdienste is in Maart 2025 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir implementering op 1 Mei 2025.

Kosteberekeninge van die nuwe skofstelsel het egter ‘n geringe besparing op oortyd bewerkstelling en die Munisipale Bestuurder het opdrag gegee om die skofstelsel te hersien.

Die gewysigde skofstelsel is in Mei aan die vakbonde voorgelê en op 13 Mei 2025 met die geaffekteerde amptenare bespreek.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die gewysigde voorstel van die Skofte vir Verkeer- en Wetstoepassingsbedryf goedkeur met ingang van 1 Junie 2025.

**7.14 SONDEZA AFRI-JEUGINISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG 2024 (17/2/2/1)**

Die 19$^{de}$ Sondeza Afri-Jeuginisiatief is vanaf 4 tot 13 Desember 2024 op Ganzekraal aangebied en deur vyf lande bygewoon.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die inhoud van die Evalueringsverslag van die Sondeza Afri-Jeuginisiatief gehou vanaf 4 tot 13 Desember 2024, soos opgestel deur die kampkoördineerder.

7.15/...

**7.15 MEMORANDUM VAN OOREENKOMS: SAMEWERKINGS (TWINNING) OOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT, WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT EN DIE BESIGHEIDSKOOL VAN NEDERLAND (10/3/4)**

Swartland Munisipaliteit het 'n samewerkingsooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit en die Besigheidskool in Nederland aangegaan. Die uitkomste is om innovasie, kulturele uitruiling, leierskap ontwikkeling en uitruil van kennis tussen die deelnemende instellings te bevorder.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat daar kennis geneem word van die formalisering van `n ooreenkoms soos uiteengesit in die aangehegte MoU;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om ‘n Koördineerder aan te stel om Swartland Munisipaliteit te verteenwoordig;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeester volmag verleen word om ‘n komitee aan te stel om leiding te gee aan die hersiening van alle programme onder die ooreenkoms;

(d) Dat relevante vordering aan die Munisipale Bestuurder gerapporteer moet word om oorsig en belyning met munisipale strategie en GOP-prioriteite te verseker.

**7.16 VERHURING VAN DIE TENNIS KLUBHUIS EN VRAGSKEEPHOUER AAN DIE OMEGA DUIWEKLUB, GELEë OP ‘N GEDEELTE VAN ERF 13044 TE WESBANK SPORTGRONDE, MALMESBURY (17/9/2/2/2-8)**

Gedurende samesprekings met die Omega Duiweklub het dit aan die lig gekom dat die ruimte wat by die Wesbank Gemeenskapsaal aan die klub verhuur word nie meer voldoende is nie, hoofsaaklik weens die uitbreiding van lidmaatskap en klubs vanaf Riebeek Kasteel en Abbotsdale wat van tyd-tot-tyd aan aktiwiteite van die Omega Duiweklub deelneem en die behoefte aan ablusie geriewe.

Die tennis klubhuis by die Wesbank Sportgronde is tans onbenut in afwagting op die opgradering van die tennisbane en bied ‘n geskikte ruimte vir die Omega Duiweklub. Daar is ook ‘n skeepsvraghouer beskikbaar vir die stoor van toerusting/duiwe-mandjies en waaruit aktiwiteite kan plaasvind.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van die tennis klubhuis en skeepsvraghouer, geleë op ’n gedeelte van Erf 13044 Malmesbury by die Wesbank Sportgronde, Alfastraat aan die Omega Duiweklub, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
   - (i) Dat die verhuring vir ’n tydperk van vyf maande sal duur vanaf 01 Julie 2025 tot 30 November 2025;
   - (ii) Dat die huurgeld ten bedrae van R120.00 vir die bogenoemde tydperk, BTW uitgesluit, betaalbaar gaan wees deur die huurder;
   - (iii) Dat geen betaling vir diensteverbruik betaalbaar gaan wees nie; en
   - (iv) Dat die klubhuis slegs gebruik mag word vir vergaderings en aktiwiteite wat verband hou met die klub en vir geen ander doel nie;
   - (v) Dat die tennisbane nie gebruik mag word vir enige klub-aktiwiteite of die mandjie van duiwe nie;
   - (vi) Dat die verskuiwing van die skeepsvraghouer in samewerking met die Munisipale Ingenieursdienste Departement gereël word en as stoorplek van mandjies en ander gereedskap wat deur klub gebruik word, aangewend moet word;

7.16/(a)...

(vii) Dat geringe en interne instandhoudingswerk van die fasiliteit deur en op koste van die huurder onderneem word; en

(viii) Dat die groter instandhoudings- en opgraderingswerk deur en op koste van die Munisipaliteit onderneem word;

(b) Dat, ingevolge paragraaf 13.1.3 van die Bate Oordrag Beleid, die Omega Duiweklub ‘n prioriteitsbehoefte in die gemeenskap sal bevredig, deurdat nie alleen lede van die klub nie, maar ook dié van twee ander, geakkommodeer sal word om voort te gaan met die beoefening van die sport.

**7.17 VOORGESTELDE HERNUWING VAN VERHURING VAN DIE KLUBHUIS GELEë OP ‘N GEDEELTE VAN ERF 1528 DIEPRIVIER, MALMESBURY AAN DIE MALMESBURY POSDUIFKLUB (17/9/2/2/2-8)**

‘n Aansoek is ontvang vanaf die Malmesbury Posduifklub om die klubhuis geleë op ‘n gedeelte van Erf 1528 (Dieprivier Sportgronde), Malmesbury vir ‘n verdere termyn van drie jaar te huur.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) In terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van die klubhuis, geleë op ’n gedeelte van Erf 1528 (Dieprivier Sportgronde), Voortrekkerweg, aan die Malmesbury Posduifklub, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:

(i) Dat die verhuring vir ’n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2028;

(ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;

(iii) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir betaling van diensteverbruik ten opsigte van water verbruik;

(iv) Dat geringe en interne instandhoudingswerk van die fasiliteit deur en op koste van die huurder onderneem word;

(v) Dat die groter instandhoudings- en opgraderingswerk deur en op koste van die Munisipaliteit onderneem word;

(b) Dat kennis geneem word dat ingevolge paragraaf 13.1.1 van die Bate Oordrag Beleid, dat die Malmesbury Posduifvereniging die klubhuis voorheen gehuur het en al hul verpligtinge nagekom het.

**7.18 FORMALISERING VAN NUWE HUUROOREENKOMS: MALMESBURY MUURBALKLUB – VERHURING VAN ‘N GEDEELTE VAN ONGEREGISTREERDE ERF 9463 VIR GEBRUIK AS ‘N MUURBALFASLITEIT (17/9/2/2/2-8)**

Daar is ‘n 1993 ‘n huurooreenkoms aangegaan tussen Malmesbury Muurbalklub en die voormalige Malmesbury Oorgangsraad waarvan die huurtermyn onbepaald was. ‘n Rekord van die huurooreenkoms kon egter nie opgespoor word nie.

Die voorlegging van die verslag behels die formalisering van ‘n nuwe huurooreenkoms met Malmesbury Muurbalklub vir die huur van ‘n gedeelte van ongeregistreerde Erf 9463, Malmesbury vir gebruik as ‘n muurbalfasiliteit vir ‘n tydperk van drie jaar.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a)/...

7.18/...

(a) Dat, ingevolge Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasies, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die formalisering van die huurooreenkoms met die Malmesbury Muurbalklub met betrekking tot die huur van munisipale gebou, geleë op 'n gedeelte van Ongeregistreerde Erf 9463 Malmesbury, ongeveer 600m² groot, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:

(i) Dat die sportfasiliteit vir 'n tydperk van drie jaar sal verhuur word vanaf 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2028 sal duur;

(ii) Dat 'n bedrag van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2; en

(iii) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir betaling van diensteverbruik.

(b) Dat ingevolge paragrawe 13.1.1 en 13.1.3 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid, kennis geneem word dat die klub voorheen en nog steeds die eiendom aanwend as 'n muurbal fasiliteit, en alle verantwoordelikhede as huurder nagekom het. Die voorgestelde verhuring sal ook voldoen aan die behoefte van die betrokke gemeenskap om hierdie sportsoort aanhou te beoefen.

**7.19 HERNUWING VAN HUUR VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 483 MALMESBURY VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POSKANTOOR VIR PARKEERDOELEINDES (12/1/2-6/2)**

Die ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Poskantoor vir die huur van 11 parkeerplekke verstryk op 30 Junie 2025. Die behoefte bestaan steeds om parkeerplekke beskikbaar te stel vir amptenare van die ingenieursdepartemente wat in die PEP-gebou gehuisves word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat goedkeuring verleen word om die opsie vir hernuwing uit te oefen met betrekking tot die huurooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Poskantoor vir die gebruik van 'n gedeelte van Erf 483 Malmesbury vir 11 parkeerruimtes, vir 'n verdere tydperk van drie jaar vanaf 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2028;

(b) Dat 'n bedrag van R575.00 (BTW ingesluit) vir administratiewe fooie asook bykomende betaling van die huurdeposito van R1 556.19 (BTW ingesluit) as eenmalige betalings aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor vereffen word vanuit posnommer 9/204-787-2181 (Parkeerfooie);

(c) Dat die maandelikse huur van R3 564.07 (7% eskalasie per jaar)(BTW uitgesluit) vereffen word vanuit posnommer 9/204-787-2181 (Parkeerfooie) en

(d) Dat die bestaande huurvoorwaardes onveranderd bly.

**7.20 HERNUWING VAN HUUR VAN GEBOU GELEë OP 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 3 PLAAS NR 771 (ROZENBURG PLAAS) MALMESBURY VANAF JR TRUST VIR KANTOOR AKKOMMODASIE VIR DIE MUNISIPALE WETSTOEPASSING REAKSIE EENHEID (12/1/2-8/8)**

'n Gebou geleë op die Rozenburg Plaas, Malmesbury word sedert 1 Julie 2022 vanaf JR Trust gehuur vir die akkommodasie van die Reaksie-eenheid van die Wetstoepassings-dienste. Daar is nie alternatiewe akkommodasie beskikbaar nie en word die gebou as geskik beskou vir die bedryf van die reaksie-eenheid.

**BESLUIT**

(a) Dat goedkeuring verleen word vir hernuwing van die huurooreenkoms met JR Trust vir die huur van 'n gedeelte van Gedeelte 3 Plaas Nr. 771 (Rozenburg Plaas), ongeveer 350 m² groot, vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang vanaf 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2028 vir kantoor akkommodasie vir die Munisipale Wetstoepassing: Reaksie Eenheid;

7.20/...

(b) Dat 'n maandelikse huurbedrag van R16 500.00 (7% eskalasie per jaar) (BTW uitgesluit) vanuit posnommer 9/233-1336-3418 (Huur kantore: Reaksie Eenheid) betaal word aan JR Trust betaal word; en

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes onveranderd bly;

**BESLUIT VERDER**

(d) Dat, op versoek van die Munisipale Bestuurder, 'n KPI oorweeg moet word vir die ondersoek en beplanning van nuwe kantoorakkommodasie teen 30 Junie 2027.

**7.21 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR BY DIE ILINGE LETHU THUSONG SENTRUM, MALMESBURY GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 7456 AAN 'THE SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY' (SASSA) VIR KANTOORSPASIE (12/1/3/1-8/1)**

'n Gedeelte van die Thusongsentrum te Ilinge Lethu, Malmesbury word aan die *South African Social Security Agency* (SASSA) verhuur vir dienslewering aan die betrokke gemeenskap.

SASSA het aansoek gedoen om die kantoorspasie vir 'n verdere termyn van drie jaar te huur.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde hernuwing van verhuring van 'n gedeelte van die Ilinge Lethu Thusong Sentrum, ongeveer 110 $m^2$ groot, geleë op 'n gedeelte van Erf 7456 Malmesbury, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
   - (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Augustus 2025 tot 31 Julie 2028;
   - (ii) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van 'n maandelikse huurbedrag van R12 084.65 (BTW uitgesluit), om vanaf jaar 2 met 6% per jaar te eskaleer;
   - (iii) Dat die perseel slegs as kantoorspasie gebruik word deur die huurder om die publiek te diens ten opsigte van die voorsiening van sosiale ontwikkelingsdienste; en
   - (iv) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal bly.

(b) Dat die huur goedgekeur word omrede die huurder ingevolge paragrawe 13.1.1 en 13.1.4 van die Munisipale Bate Oordragbeleid 'n vorige eiendomsreg geniet het wat deur die Munisipaliteit verleen was, voldoen het aan al die verpligtinge in terme van die vorige huurooreenkoms en as gevolg van die feit dat SASSA 'n belangrike diens aan die gemeenskap van die betrokke area lewer.

**7.22 HERNUWING VAN HUUR VAN DRIE SKEEPSVRAGHOUERS GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 7516, JAKARANDASTRAAT, MALMESBURY (12/1/3/1-1/1)**

Die Munisipaliteit het in 2023 'n entrepeneursentrum/handelspasies op 'n gedeelte van Erf 7516, Jakarandastraat, Malmesbury gevestig. 'n Publieke deelname proses is gevolg om entrepreneurs te identifiseer om hul besighede uit vier doelmatige skeepsvraghouers te bedryf. Huurooreenkomste vir 'n termyn van twee jaar is met die betrokke entrepreneurs aangegaan, waarvan een entrepreneur die huurooreenkoms gekanselleer het.

Die oorblywende drie entrepreneurs het aangedui dat hulle graag die skeepsvraghouers vir 'n verdere termyn vanaf die Munisipaliteit wil huur.

Besluit/...

7.22/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde hernuwing van huur met die volgende entrepreneurs
- Mnr X Mhlungwana vir bedryf van 'n Snoepie (Skeepsvraghouer 2)
- Me N Nomnga-Wotyana vir bedryf van wegneem-etes besigheid (Skeepsvraghouer 3)
- Me N Magaginxa vir bedryf van 'n Barber/Haarsalon (Skeepvraghouer 4)

by die handelspasie, geleë op Erf 7516, Jakarandastraat, Malmesbury, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
(i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van twee jaar sal duur vanaf 01 April 2025 tot 31 Maart 2027; en

(ii) Dat die huurders verantwoordelik sal wees vir die betaling van 'n maandelikse huurbedrag van R100.00 (BTW uitgesluit), asook vir die betaling van diensteverbruik.

(b) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om ekonomiese transformasie aan te moedig en die toewyding wat die entrepreneurs toon om hul klein besighede te bedryf, die goedkeuring vir die hernuwing van die huur van die skeepsvraghouers ondersteun word.

**7.23 HERNUWING VAN HUUR VAN 'N GEDEELTE VAN DIE SWARTBERG PLAAS, PLAAS NR 331 MOORREESBURG VANAF SWARTBERG TRUST VIR IKT INFRASTRUKTUUR DOELEINDES (15/4/6)**

[Verslag word onttrek.]

**7.24 HERNUWING VAN HUUR VAN GEDEELTE MUNISIPALE GEBOU GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 1217 ABBOTSDALE VIR KANTOORAKKOMMODASIE AAN DIE ABBOTSDALE BUURTWAG (12/1/3/1-1/1)**

Die Abbotsdale Buurtwag huur tans 'n gedeelte van die gebou op Erf 1217, geleë te Roosmarynstraat, Abbotsdale en het aansoek gedoen om die huurooreenkoms vir 'n verdere tydperk te verleng.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huur van een gedeelte van die munisipale gebou, geleë op 'n gedeelte van Erf 1217, Roosmaryn-/Sonneblomstraat, Abbotsdale, vir 'n verdere periode van een (1) jaar met ingang vanaf 01 Julie 2025 ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit, welke bedrag vooruitbetaalbaar sal wees; en

(b) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly, ingesluit dat water en riooldienste kosteloos beskikbaar gestel word, in ag genome dat die buurtwag 'n vrywillige diens aan die gemeenskap lewer.

**7.25 HERNUWING VAN HUUR VAN 'N SKEEPSVRAGHOUER AAN DIE KALBASKRAAL BUURTWAG GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 824, RIVIERSTRAAT (12/1/3/1-6/1)**

Die Munisipaliteit het 'n skeepsvraghouer na Kalbaskraal geneem vir gebruik deur die Kalbaskraal Buurtwag vir kantoorakkommodasie.

Die huurooreenkoms verval op 30 Junie 2025 en het die Kalbaskraal Buurtwag bevestig dat hul begerig is om voort te gaan met die hernuwing van die huurooreenkoms.

Besluit/...

7.25/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van huur van die skeepsvraghouer op ‘n Gedeelte van Erf 824, geleë in Rivierstraat, Kalbaskraal vir ’n verdere periode van een (1) jaar met ingang vanaf 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2026 aan die Kalbaskraal Buurtwag ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit; en

(b) Dat die Kalbaskraal Buurtwag die skeepsvraghouer beskikbaar stel aan die GBV Ambassadeur wanneer benodig, vir aanmelding van GBV gevalle.

**7.26 KANSELLASIE VAN HUUR VAN VOORGESTELDE VERHURING VAN SKEEPSVRAGHOUERS GELEë OP ERF 2183 (ONGEREGISTREERDE GEDEELTE VAN ERF 2110), HOEK VAN CONIFFE JANUARY EN THOMAS BEUKESSTRAAT, RIEBEEK-WES (12/1/3/1-1/1)**

PPC Riebeek het twee skeepsvraghouers as donasie gegee vir die bedryf van handelspasies op Erf 2183, h/v Coniffe January en Thomas Beukesstraat, Riebeek-Wes.

‘n Publieke deelname proses is gevolg om voorstelle in te win vir die bedryf van klein besighede vanuit die skeepsvraghouers. Daar is huurooreenkomste gesluit met twee entrepreneurs met ingang vanaf 1 Augustus 2023 tot 1 Julie 2025. Intussen het beide entrepreneurs die huurooreenkomste gekanselleer en moet daar weer ‘n proses gevolg word om voorstelle in te win.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die kansellasie van die huur wat op 31 Julie 2025 sou verstryk met betrekking tot Me D Hendricks en Me S Daniels wat onderskeidelik ’n bakkery en spysenieringsbesigheid bedryf het vanaf Erf 2183 (ongeregistreerde Gedeelte van Erf 2110), Riebeek-Wes, welke ooreenkomste op 01 Augustus 2023 in werking getree het, met dien verstande dat gelde deur beide voormalige huurders verskuldig, vereffen moet word;

(b) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde verhuring van die twee vakante skeepsvraghouers by die handelspasie, geleë op Erf 2183 (ongeregistreerde Gedeelte van Erf 2110), Riebeek-Wes, op die hoek van Coniffe- en Thomas Beukesstraat, by wyse van ’n versoek vir voorstelle proses, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:

  (i) Dat die versoek vir voorstelle in die pers geadverteer word, waarin alle belangstellende entrepreneurs die geleentheid gebied word om voorstelle in te dien vir besigheidsdoeleindes;

  (ii) Dat die voorstelle in samewerking met die munisipale Gemeenskaps-ontwikkelings-departement geëvalueer word, waarna ’n verslag rakende die allokasies van die voorgestelde verhurings vir finale goedkeuring aan die burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir oorweging;

  (iii) Dat die verhuring vir ‘n tydperk van twee jaar sal duur; en

  (iv) Dat die suksesvolle applikante verantwoordelik sal wees vir die betaling van ‘n maandelikse huurbedrag van R100.00 (BTW uitgesluit), asook die betaling van diensteverbruik;

(c) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om ekonomiese transformasie aan te moedig, die verhuring van die skeepsvraghouer aan ‘n suksesvolle applikant goedgekeur word vir die bedryf van ‘n besigheid.

**7.27 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2025 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2025.

**7.28 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.29 VOORRAADOPNAME: 2025 (6/1/1)**

Die jaarlikse voorraadopname vind plaas op 26 Junie 2025 by die Hoof Magasyn in Malmesbury en die Elektriese Stoor in Moorreesburg. Die doel van die verslag is om raadslede te nomineer om die voorraadopname waar te neem.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat rdh T van Essen en rdl A K Warnick (sekundi, rdl D G Bess) aangewys word vir die voorraadopname;

(b) Dat die aangewysde raadslede kennis neem dat die Assistent Voorraad Kontroleerder graag om 09:00 stiptelik ‘n aanvang wil neem met die voorraadopname by die hoof magasyn te Malmesbury.

**7.30 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTEL VAN ELEXPERT (PTY) LTD OM TARIEFVERHOGINGSTUDIE TE DOEN, ASOOK OM DIE IMPAK VAN DIE NUWE ESKOM TARIEFSTRUKTUUR OP DIE MUNISIPALE GROOTMAAT REKENING TE BEPAAL (8/1/B/2)**

NERSA het in die verlede vereis dat daar met die jaarlikse voorlegging van elektrisiteitstariewe ‘n koste-van-voorsieningstudie ingesluit moet word vir oorweging met die goedkeuring van die tariewe.

Met die skryf van die verslag was NERSA se vereistes ten opsigte van die voorlegging van tariewe vir die 2025/2026 finansiële jaar nog nie bekend nie. NERSA het wel Eskom se tariefverhoging van 11.32% vir Plaaslike Regering goedgekeur wat op 1 Julie 2025 in werking tree, sowel as die Eskom’s *Retail Tariff Structure Amendment (ERTSA)* wat ‘n effek sal hê op die munisipaliteit se grootmaataankope.

Weens die beperkte tyd beskikbaar om ‘n koste-van-voorsieningstudie te doen met voormelde inligting in ag genome, is Elexpert (Pty) Ltd aangestel wat oor die 2024/2025 studie onderneem het.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedure in terme van paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die aanstelling van Elexpert (Pty) Ltd ter waarde van R138 000.00 (BTW ingesluit) goed te keur;

(c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure aangeteken word as volg:

7.30/(c)...

(i) Die die jaarlikse tarief verhogings aansoek by NERSA gedurende April 2025 ingedien moet word;

(ii) Dat die herstrukturering van die Eskom tarief struktuur 'n groot impak op die grootmaat aankope rekening kan hê indien nie korrek geanaliseer en ge-interpreteer word nie;

(iii) Dat Elexpert voorheen betrokke was by die opstel van die *COS*-studie en dat baie van die inligting reeds beskikbaar is;

(iv) Dat kennis geneem word dat die koste teen mSCOA pos 9/253-699-967 betaal is en dat daar genoeg fondse beskikbaar was om die koste van R138 000.00 (BTW ingesluit) te dek;

(d) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.31 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL EN TOETSING VAN "CHERRY PICKER", CK 32334 (8/1/B/2)**

Daar is probleme ervaar met die remstelsel van die Cherry Picker, CK 32334, wat in Malmesbury deur die Elektriese Ingenieursdienste gebruik word en dringende herstelwerk is benodig.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedure in terme van paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstel van die "Cherry Picker" CK 32334 deur Perdeberg Motors ter waarde van R59 195.34 (BTW Ingesluit) goed te keur;

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure aangeteken word as volg:

(i) As gevolg van die oopmaak en kwotasie (Strip and quote) basis is dit nie redelik om die normale verkrygingsproses te volg nie;

(ii) Die noodsaaklikheid om die toerusting weer in diens te stel om dienslewering te verseker;

(d) Dat kennis geneem word dat die koste teen mSCOA pos 9/4-17-5 betaal is en dat daar genoeg fondse beskikbaar was om die koste van R59 195.34 (BTW Ingesluit) te dek;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.32 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN CATERPILLAR WHEELED LOADER, CK 43236 (8/1/B/2)**

Die remstelsel van die Caterpillar Wheeled Loader, CK 44346, wat deur die Strate- en Stormwaterdepartement gebruik word, het probleme gegee en dringende herstelwerk is benodig.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die remme van CK 43246 deur Barloworld Equipment ten bedrae van R36 382.53 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Barloworld die gemagtigde agent van Caterpillar-toerusting is;

7.32/...

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R36 382.53 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-13-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.33 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DIENS VAN WATERTROK, CK 47877 (8/1/B/2)**

Die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures behels die diens van die Watertrok, CK 47877, wat deur die Strate en Stormwaterdepartement gebruik word

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die diens van CK 47877 deur UD Trucks Malmesbury ten bedrae van R41 480.15 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks Malmesbury die gemagtigde agent van UD-vragmotors is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R41 480.15 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-56-2 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.34 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 37359 (8/1/B/2)**

Daar is probleme ondervind met die kompakteer van vullis deur die Kompakteervragmotor, CK 37359, wat gebruik word vir die vullisverwyderingsdiens in Malmesbury en dringende herstelwerk is benodig.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir vervanging van die lemsamestelling van die kompakteervragmotor, CK 37359 deur Transtech ten bedrae van R94 352.99 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van Heil-kompakteerders in die Wes-Kaap is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R94 352.99 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-36-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.35/...

**7.35 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 37359 (8/1/B/2)**

Tydens die herstelwerk aan die Kompakteervragmotor, CK 37359, van die kompakteerstelsel (sien item 7.34) is daar verdere probleme geïdentifiseer wat dringende herstelwerk benodig om die optimale funksionering van die toerusting te verseker.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die uitwerppaneel, skoenblokke en -penne van die kompakteervragmotor, CK 37359 deur Transtech ten bedrae van R51 083.98 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van Heil-kompakteerders in die Wes-Kaap is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R51 083.98 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-36-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.36 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPELPOMP NO 2 BY DIE INLAATWERKE VAN MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Die optimale funksionering van dompelpompe in die rioolsuiweringsproses is uiters belangrik om die vloei van rou-riool na die stelsel te verseker en om te voorkom dat rou-riool nie terug vloei in die verspreidingsnetwerk en by mangate oorstroom nie. Een van die dompelpompe by die Malmesbury WWTW het probleme gegee en dringende herstelwerk is benodig.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurs-beleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die pomp by die Malmesbury WWTW deur CAW ten bedrae van R63 390.00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
    (i) Die dompelpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
    (ii) Voormelde sou aanleiding gee 'n onderbreking in die behandelingsproses, die oorvloei van die riooldreineringstelsel en 'n onderbreking in die lewering van die riooldiens;
    (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as 'n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R63 390.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-849-425 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.37/...

**7.37 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPELPOMP NO 3 BY DIE INLAATWERKE VAN RIEBEEK KASTEEL WWTW (8/1/B/2)**

Die optimale funksionering van dompelpompe in die rioolsuiweringsproses is uiters belangrik om die vloei van rou-riool na die stelsel te verseker en om te voorkom dat rou-riool nie terug vloei in die verspreidingsnetwerk en by mangate oorstroom nie. Een van die dompelpompe by die Riebeek Kasteel WWTW het probleme gegee en dringende herstelwerk is benodig.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurs-beleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die pomp by die Riebeek Kasteel WWTW deur CAW ten bedrae van R44 055.00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die dompelpomp sou vir ‘n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
   (ii) Voormelde sou aanleiding gee ‘n onderbreking in die behandelingsproses, die oorvloei van die riooldreineringstelsel en ‘n onderbreking in die lewering van die riooldiens;
   (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R44 055.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.38 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 44823 (8/1/B/2)**

Daar is probleme ondervind met die kompakteer van vullis deur die Kompakteervragmotor, CK 44823, wat gebruik word vir die vullisverwyderingsdiens in Yzerfontein en Darling en dringende herstelwerk is aan die lemstelsel benodig.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die lemsamestelling van die kompakteervragmotor, CK 44823 deur Transtech ten bedrae van R97 383.88 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van Heil-kompakteerders in die Wes-Kaap is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R97 383.88 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-60-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.39/...

**7.39 HERSIENING VAN HULPTOEKENNINGSBELEID (12/2/5/5-9/2)**

Artikel 67 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bevat die vereistes vir die oordrag van fondse aan organisasies en liggame buite enige regeringsfeer.

Die implementering en toepassing van die Hulptoekenningsbeleid verseker dat fondse slegs oorgedra word na bevestiging van voldoening aan al die relevante wetgewende vereistes en die deurloop van die nodige goedkeuringsprosesse.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die wysigings aan die Hulptoekenningsbeleid goedgekeur word effektief vanaf die huidige finansiële jaar.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**